Afrikaans

# Story Power

## ‘n Gids oor hoe om ‘n lees-vir-genot-vakansie-program aan te bied




Nal'ibali



# Welkom!

Wil jy vir kinders wys dat lees iets is wat hulle enige tyd op enige plek kan doen? Wil jy seker maak dat hulle nie aan lees dink as iets wat slegs in klaskamers gebeur nie? 'n Vakansieprogram wat op lees vir genot fokus, is 'n wonderlike manier om dit te doen!

Gedurende die skoolvakansie kan kinders ontspan en hul roetine verander. Skoolvakansies is dus 'n goeie tyd om kinders aan die lees te kry, of om hul gewoonte om vir genot te lees te versterk!

As jy wil weet hoe om 'n lees-vir-genot-vakansieprogram aan te bied, is hierdie Story Power-gids vir jou! Hier sal jy wenke kry oor hoe om 'n program te beplan en aan te bied, asook idees vir prettige aktiwiteite wat jy kan insluit.

Sluit by ons aan om ons kinders regdeur die jaar te motiveer om te lees.

*Die Nal'ibali-span*

**NS:** Hierdie gids is ook in ander Suid-Afrikaanse tale beskikbaar. Kyk uit vir ander gidse in die Story Power-reeks. Gaan na **www.nalibali.org**.

## Wat's binne


Wat is 'n lees-vir-genot-vakansieprogram? .. 3

Hoe om 'n vakansieprogram te beplan en aan te bied .......... 4

15 aktiwiteitsidees vir 'n vakansieprogram .. 6



Vir meer inligting oor die hergebruik en/of verspreiding van hierdie materiaal, kontak Nal'ibali:

The Nal'ibali Trust


Suite 17–201, Gebou 17

Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg

Mowbray, 7700

Tel: (021) 448 6000

E-pos: **info@nalibali.org**


Konseptualisering en projekbestuur: Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA)

Vertaling: Anita van Zyl


Redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Nal'ibali-karakterillustrasies: Rico

Ontwerp: Magenta Media

Geset deur: Baseline Publishing Services

# Wat is 'n lees-vir-genot-vakansieprogram?



Lees vir genot hoef nie op te hou wanneer leesklubs 'n blaaskans neem nie! Vakansieprogramme kan ruimtes skep waar kinders gedurende die skoolvakansies kan voortgaan om stories te geniet en te ontdek.

In lees-vir-genot-vakansieprogramme is die fokus altyd op lees vir plesier! Die aktiwiteite waaruit hierdie programme bestaan, het een doelwit: om kinders se liefde vir lees en stories te laat vlamvat en vol te hou.

Vakansieprogramme wat op lees vir genot fokus, hou baie voordele in. Hier volg 'n paar daarvan.

- Vakansieprogramme help kinders om lees te sien as iets wat 'n mens in jou vrye tyd doen. Om lees as 'n genotvolle ontspanningsaktiwiteit te sien, is 'n belangrike stap om kinders te help om lewenslange lesers te word.
- Vakansietye is gewoonlik minder besige tye. Dit beteken dat daar meer tyd beskikbaar is vir lees-vir-genot-aktiwiteite as gedurende die skoolkwartaal. Vakansieprogramme kan dus ontspanne wees en sessies kan langer duur as die leesklubsessies gedurende die kwartaal.
- Kinders wat nog nie 'n lid van 'n leesklub is nie, kan by vakansieprogramme ingesluit word. Dit stel hulle bekend aan hoe bevredigend stories, boeke en lees kan wees. Dit moedig hulle aan om gereelde lesers te word en selfs by 'n leesklub aan te sluit!
- Vakansieprogramme hou kinders besig en vermaak hulle in ontspanne en veilige omgewings. Dit is veral belangrik as die kinders se ouers werk, en in gemeenskappe waar daar nie baie dinge vir kinders is om gedurende die skoolvakansies te doen nie.

Kinders woon lees-vir-genot-vakansieprogramme by, nie omdat iemand vir hulle gesê het hulle moet nie, en ook nie omdat hulle beloon word daarvoor nie. Hulle woon dit bloot by omdat dit 'n prettige en bevredigende ding is om te doen!

Jy kan in Story Power-gids 1 meer uitvind oor lees vir genot. Dit is beskikbaar by **www.nalibali.org**.



# Hoe om 'n vakansieprogram te beplan en aan te bied

So, jy het besluit om 'n lees-vir-genot-vakansieprogram aan te bied! Daar is nie net een korrekte manier om dit te doen nie. Gebruik dít omtrent stories en boeke wat jou opgewonde maak om jou te help om 'n prettige en inspirerende program saam te stel.

Maar watter aktiwiteite jy ook al kies, behoorlike beplanning is belangrik. Hier volg 'n paar idees om jou te help.

- **Wie?** Vakansieprogramme kan deur ouers, bibliotekarisse, onderwysers, leesklubleiers of tersiêre studente aangebied word. En jy hoef dit nie alleen te doen nie! Kry vrywilligers om jou te help. Vra volwassenes wat van stories en lees hou om betrokke te raak by die hele program, of om 'n aktiwiteit aan te bied wat hulle spesialiteit is, soos om 'n storie te vertel of kuns en handwerk te doen.
- **Hoeveel?** Gebruik die aantal vrywilligers wat jy kan kry om jou te help besluit hoeveel kinders jy kan akkommodeer. Tien kinders vir een volwassene werk gewoonlik goed. Maar jy sal ook moet buigsaam wees. Onthou dat sommige kinders dalk nie elke dag sal bywoon nie, en op ander dae kan jy dalk meer kinders hê as waarvoor jy beplan het.
- **Waar?** Jy kan 'n vakansieprogram op enige plek aanbied wat veilig is en waar daar genoeg plek is – by 'n skool, biblioteek, 'n gemeenskapsaal, 'n kerk, 'n moskee of 'n tempel. Probeer 'n plek kies waar daar nie van jou en die kinders verwag sal word om te stil te wees nie – dit is moeilik om stil te wees wanneer jy opgewonde raak oor stories!
- **Wat?** Jy sal stories nodig hê om te vertel en te lees, en ook ander leesmateriaal vir kinders. Probeer so 'n wye verskeidenheid leesmateriaal moontlik bymekaar kry, soos prenteboeke, romans, inligtingsboeke, gedigte, rympies en tydskrifte. Dit sal verseker dat almal iets sal vind wat hulle graag wil lees. Jy sal waarskynlik ekstra hulpbronne nodig hê vir sommige van die ander aktiwiteite wat jy beplan, byvoorbeeld papier; karton; herwinbare materiale, soos graankosbokse, eierboksies en botteldoppies; kryte; potloodkryte; veltpenne; skêre; gom; verf en verfkwaste; speeldeeg en klei. Dinge soos stukkies materiaal, serpe, hoede en maskers maak goeie rekwisiete wanneer julle stories wil opvoer.

## Beplanningswenke

1. Stel 'n program met aktiwiteite vir elke dag op. (Daar is 'n voorbeeld van 'n program op die volgende bladsy.) Kies verskillende soorte aktiwiteite om die program interessant te hou. Baie van die aktiwiteite kan verband hou met die stories wat jy gekies het, maar sluit ook ander lees- en skryfaktiwiteite in. Onthou dat baie van die kinders elke dag sal bywoon, en jy moet dus verskillende stories, liedjies en speletjies hê. Oefen die stories en aktiwiteite wat jy gekies het sodat jy weet hoeveel tyd nodig is om dit te voltooi.
2. Adverteer jou vakansieprogram by ouervergaderings by die skool, in nuusbriewe en op kennisgewingborde by biblioteke, klinieke en skole.
3. Reël 'n inskrywingsdag sodat jy weet hoeveel kinders sal deelneem aan die program. Dit sal jou help besluit watter hulpbronne jy nodig het. Nooi ouers en ander versorgers om ongeveer twee weke voor die tyd hul kinders vir die program te kom registreer. (Daar is 'n voorbeeld van 'n registrasievorm by **www.nalibali.org**, of jy kan jou eie vorm ontwerp.)
4. Beplan hoe jy die ruimte aantreklik sal maak. Dink oor hoe om stiller areas in te rig waar kinders op hul eie na boeke kan kyk of kan lees, en ander areas wat geskik is vir die aktiwiteite wat jy beplan.

# ‘n Voorbeeld van ‘n vakansieprogram

| | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 09:00–09:15 | Liedjie 1 | Speletjie 1 | Rympie | Liedjie 2 | Speletjie 2 |
| 09:15–09:30 | Inleidende aktiwiteit (Leer mekaar ken: bladsy 6) | Inleidende aktiwiteit (Maak keuses: bladsy 6) | Vertel ‘n storie | Storie 3 vir hardop lees: lees hardop vir die hele groep | Storie 4 vir hardop lees: lees hardop vir die hele groep |
| 09:30–10:00 | Storie 1 vir hardop lees: lees hardop vir die hele groep | Storie 2 vir hardop lees: lees hardop vir die hele groep | Stories praatjie: bespreking van vandag se storie | Stories praatjie: bespreking van vandag se storie | Stories praatjie: bespreking van vandag se storie |
| 10:00–10:45 | Bespreking in klein groepe: Onderwerp: Stories wat ons ken; stories waarvan ons hou | Kunsaktiwiteit wat inskakel by vandag se storie | Kunsaktiwiteit wat inskakel by vandag se storie | Kunsaktiwiteit wat inskakel by vandag se storie | Drama-aktiwiteit wat inskakel by vandag se storie (Voer die storie in groepe op) |
| 10:45–11:00 | Verversings en toilettyd | | | | |
| 11:00–11:45 | Skryfaktiwiteit (Skep ‘n storiemuur: bladsy 7) | Skryfaktiwiteit wat inskakel by vandag se storie (Skryf aan een van die karakters) | Drama-aktiwiteit wat inskakel by vandag se storie | Skryfaktiwiteit (Maak boeke: bladsy 6/ Skep ‘n storiewiel: bladsy 7) | Maak stories op (Voeg woorde by: bladsy 6) |
| 11:45–12:05 | Lees boeke alleen en/of in pare | Lees boeke alleen en/of in pare | Lees boeke alleen en/of in pare | Lees boeke alleen en/of in pare | Lees boeke alleen en/of in pare |
| 12:05–12:15 | Herhaal liedjie 1 en sê tot siens | Herhaal liedjie 1 en sê tot siens | Herhaal liedjie 1 of rympie en sê tot siens | Herhaal liedjie 1 en 2 of rympie en sê tot siens | Herhaal liedjie 1 en 2 of rympie en sê tot siens |

# 15 aktiwiteitsidees vir 'n vakansieprogram

1. **Leer mekaar ken.** Berei voor deur enige groot prente uit tydskrifte of koerante te knip en dit op groot velle papier te plak. Skryf dan drie vrae agter op elke prent wat kinders kan gebruik om hulself aan ander voor te stel, byvoorbeeld, "Wat is jou naam? Wat doen jy vir pret? Wat is jou gunstelingstorie?" Knip volgende elk van die prente in vier stukkies en plaas al die stukkies van al die prente in een sakkie. Begin die aktiwiteit deur elke kind een stukkie van 'n prent uit die sakkie te laat haal. Vra hulle om die ander drie kinders te vind wat die ander stukkies het wat die prent voltooi, en dan moet hulle die vrae saam beantwoord.

2. **Maak keuses.** Teken of vind prente van twee voorwerpe, byvoorbeeld 'n blom en sjokolade. Stal die prente uit sodat al die kinders dit kan sien. Verdeel die kinders in groepe en vra hulle om te bespreek watter van die twee voorwerpe hulle sal kies as hulle net een kan kies, en die rede vir hulle keuse. Nooi iemand uit elke groep om vir almal te vertel wat in hulle groep bespreek is.

3. **Sing en speel.** Liedjies, rympies en speletjies is prettige maniere om elke dag te begin en af te sluit. Leer vir die kinders die liedjies, rympies en speletjies wat jy as kind gesing, opgesê en gespeel het, en ook ander wat hulle ken. Sing liedjies in die huistale van al die kinders, en ook in ander tale.

4. **Lees en vertel stories.** Vertel en lees gereeld stories hardop, en maak dan agterna tyd om met die kinders daaroor te gesels. Maak ook tyd vir die kinders om op hul eie of saam met 'n maat na boeke te kyk of te lees.

5. **Maak boeke.** Maak boeke deur blanko velle papier aan mekaar vas te kram en laat die kinders dit gebruik om hul eie storieboeke te maak. Ouer kinders kan op hul eie teken en skryf. Jonger kinders kan die prente vir die storie teken, en dan kan jy die woorde wat hulle vir jou sê, neerskryf. Laat die kinders hulle boeke vir mekaar lees!

6. **Maak alfabetboeke.** Doen dit saam met jonger kinders, of nooi ouer kinders om een te maak vir 'n jonger kind wat hulle ken. Skryf elke letter van die alfabet op 'n afsonderlike vel papier en kram dit aan mekaar vas om 'n boek te maak. Stel dan voor dat die kinders prente van bekende dinge vir elke letter teken of vind, byvoorbeeld 'n aalwyn of appel vir "A".

7. **Voeg woorde by.** Wys vir die kinders 'n prenteboek sonder woorde, en daag hulle dan uit om die prente te gebruik om soveel verskillende stories as wat hulle kan op te maak!



8. **Skep 'n storiemuur.** Vind plek teen 'n muur in julle vertrek. Gee vir die kinders papier, kryte en potlode en vra hulle om te skryf en te teken oor stories wat hulle geniet. Stal die kinders se skryfwerk en tekeninge teen die muur uit.

9. **Ontwerp 'n spyskaart.** Vra die kinders om hulle te verbeel dat hulle hul gunsteling-karakters uit 'n storieboek vir middagete of vir tee genooi het. Laat hulle 'n spyskaart skryf van dit wat hulle vir hul karakters sal gee om te eet en drink.

10. **Skep 'n storiewiel.** Verdeel die kinders in groepe en gee vir elke groep 'n vel papier met 'n groot sirkel daarop wat in ses gelyke segmente – soos 'n lemoen – verdeel is. Laat een kind in elke groep begin deur die begin van 'n storie in een van die sirkelsegmente te teken of te skryf. Die kinders maak dan beurte om die storie uit te bou deur in die ander segmente te skryf totdat die storie klaar is. Hulle kan dan op 'n titel vir hul storie besluit en dit geniet om die storie saam te lees!

11. **Vang herinneringe vas.** Nooi die kinders om prente te teken, foto's te gebruik, woorde uit koerante en tydskrifte te knip en hul eie woorde by te voeg om 'n plakkaat te maak met die opskrif: My herinneringe.

12. **Raai die storie.** Laat die kinders in spanne werk om met mimiek 'n toneel uit 'n storie wat almal ken, voor te stel en laat die ander spanne dan raai wat die naam van die storie is.







13. **Skryf en speel toneel.** Kies een van die stories uit jou vakansieprogram. Skryf saam met die kinders neer wat elke karakter sê, en laat die kinders dan kies watter karakter hulle wil wees. Verskaf rekwisiete, soos stukkies materiaal, hoede, skoene of klere, en laat hulle die storie opvoer.

14. **Nooi gaste.** Nooi skrywers, illustreerders, storievertellers en akteurs om met die kinders te kom praat en stories met hulle te deel.

15. **Gaan op 'n uitstappie.** Neem die kinders op 'n uitstappie om na 'n opvoering te gaan kyk, of gaan verken jul plaaslike biblioteek, of besoek 'n plek wat verband hou met 'n storie wat jy vertel het of wat julle saam gelees het.

Jy kan meer lees-vir-genot-aktiwiteite in ons ander Story Power-gidse vind. Gaan na **www.nalibali.org**.


# Maak kontak met Nal'ibali

**Word deel van die Nal'ibali-netwerk en gebruik die krag van stories om kinders te inspireer om te wil lees en skryf.**

Besoek ons verskillende platforms vir lees-vir-genot-hulpbronne en -wenke, en stories vir kinders in 11 tale.

## Nal'ibali-bylaes

Kry jou tweetalige lees-vir-genot-koerantbylae in die *Sowetan, Sunday Times Express*, die *Daily Dispatch* en *The Herald*. Vir meer inligting, gaan na **www.nalibali.org**.



## Nal'ibali op die radio

Skakel in op Nal'ibali se radioprogramme op die SABC se openbare radiostasies en geniet kinderstories in al 11 amptelike tale. Gaan na **www.nalibali.org** vir die Nal'ibali-**radioskedule**.

## www.nalibali.org

Gaan na die Nal'ibali-**webwerf** vir gratis wenkblaaie, blogs oor geletterdheid, leeswenke en kinderstories.






## www.nalibali.mobi

Kry storievertel- en leeswenke, leesklubsteun en stories in 11 Suid-Afrikaanse tale – op jou **selfoon**!



## Sosiale media

Gesels saam op **Facebook** en volg ons op **Twitter** en **Instagram** vir inspirerende lees-vir-genotwenke en bygewerkte inligting. Besoek ook ons **YouTube**-kanaal, **www.youtube.com/user/TheNalibaliChannel** vir nuttige leesklubwenke.

Ed 2.Mar2019.Afr

**Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere: www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA @nalibaliSA info@nalibali.org